NGK SINODE GOUDLAND

GOUDPOS

NUUSBRIEF NR 31 -2018 • WWW.GOUDLAND.ORG.ZA

NUUS VAN ONS GEMEENTES

Predikante-nuus

Ds Bok Jansen van Rensburg se afskeid vind plaas op Sondag 29 Julie om 09:00 by Lux Deo, waartydens hy demissie sal ontvang. Ds Bok tree af.

Ds. Nico Sennett is as hulpleraar (termyn 1 jaar) in die gemeente Wolmaransstad aangestel.

Ds Etienne Engelbrecht van Drie Riviere-Oos, het 'n beroep na Heuwelsig, Bloemfontein, aangeneem en lewer sy afskeidspreek op Sondag 22 Juliie.

Ds PC Pretorius van Fochville-Noord het 'n beroep na Moreleta-gemeente aangeneem.

Jorina Redelinghuys van NG Kollegepark verhuis na die Vrystaat

NUUS VAN ONS SINODE

Leraars en Voortgesette Bedienings Ontwikkeling (VBO)

In ons land is daar baie goeie wette en beleid wat misluk onmdat daar nie die "politieke wil" is daarom uit te voer nie. Netso: om die goeie stelsel van Voortgesette Bedienings Ontwikkeling (VBO) te laat slaag is die "goeie wil" van elke leraar en veral elke ring nodig. Ongelukkig word VBO deur baie leraars afgeskeep en deur baie ringe verwaarloos (net 37% leraars in Goudland se VBO-krediete is by CPD Solutions geregistreer).

VBO is onmisbaar vir 'n predikant (nes Continuing Professional Development/CPD vir ander professies):

- Dis waardevol vir die gemeente: Elke gemeente verdien 'n predikant met vars opleiding en insette vir nuwe uitdagings, nie net met teologiese opleiding van jare gelede nie
- Dit gee bedieningsvreugde: daar is meer vreugde in my bediening as ek werk met myself as 'n "skerpgemaakte gereedskapstuk". Pred.10:10 sê dit baie mooi: "As die byl stomp word en nie geslyp word nie, moet jy meer krag gebruik. Dit betaal om jou verstand te gebruik."
- Dis professioneel: elke professie het 'n aparte akkreditering (bv. Mediese Raad) wat eie vereistes stel. Die werkgewer kan nie self besluit my dominee (of dokter) is goed genoeg nie. VBO is beleid en verpligtend in die NG Kerk vir 'n predikant se bevoegdheid is (A-Z Beleid en vele sinodale besluite en kerkordelike bepalings).

- Dis Bybels en volgens ons legitimasie beloftes om verantwoording te doen en verslag te vra.

Om die volle waarde te ontgin, is 3 aspekte nodig.

- 'n Gesindheid by elke predikant om hom/haar te ontwikkel en daaroor verslag te doen.
- 'n Ring se "politieke wil" om mekaar aan te moedig, toesig te hou, en verslag daaroor te vra.
- Kerklike produkte vir ontwikkeling en effektiewe metodes om dit te bestuur.

Die doelwit is 50 krediete per jaar (100 krediete per jaar vir leraars in hul eerste 3 jaar van bediening) met 'n einddoel van 350 na 7 jaar (VBO het in 2009 begin en dus behoort leraars tans 350 te bereik het). Kom ons help en motiveer mekaar om ons predikants-vaardigheid en -bevoegdheid te verbeter.

13 Mei Moedersdag deurkollekte vir Catherine Robson Kinderhuis

Baie dankie aan elke lidmaat en gemeente wat hul harte en beursies oopgemaak het vir die spesiale deurkollekte vir Catherine Robson Kinderhuis in Vereeniging. Ons sien met groot verwagting uit na al die veranderinge wat daar gaan plaasvind tot voordeel van ons kinders daar. En jou bydrae gaan help om hulle hierdie hupstoot te gee.

Sinode 31 Oktober 2018

Die Sinode van Goudland sit hierdie jaar op **31 Oktober 2018** te Tetelestai in Helikonpark, Randfontein, die Tuiste van die Sinode.

NUUS VAN DIE ALGEMENE SINODE

Sondag, 3 Junie: Biddag vir Ekologie

Alan Paton, die gevierde skrywer en filosoof, het gesê: *"Die grond is heilig. Dit kom immers van die Skepper self. Onderhou dit. Beskerm dit. Sorg daarvoor, want dit onderhou die mens, beskerm die mens, sorg vir die mens. Vernietig die grond, en jy vernietig die mens."*

Dié aanhaling en talle gedeeltes in die Bybel maak dit duidelik dat die welsyn van die skepping en die welsyn van die mensdom onskeibaar is. Hoe mense leef, het 'n direkte impak op die skepping en wat met die skepping gebeur. Om hieroor na te dink word die eerste Sondag in Junie elke jaar as Biddag vir die Ekologie ingeruim.

Klik hier vir 'n pragtige preekskets met liturgie vir dié geleentheid deur Fay van Eeden en Fouche de Wet.

Verklaring van die moderatuur rakende die hofsaak oor selfdegeslag-verhoudinge

Die afgelope tyd het daar in die pers berigte verskyn oor die hofsaak waarin die NG Kerk tans betrokke is. Hierdie verklaring wat in die e-Kerkbode gepubliseer is, volg kommentaar op hierdie berigte. Lees die volledige verklaring hier.

Mediaverklaring: Hofsaak oor die NG Kerk se selfdegeslagbesluite

Dr Gustav Claassen, die algemene sinode se algemene sekretaris, skryf:

Aangeheg vind jy 'n verklaring van die moderatuur. Die afgelope tyd het daar in die pers berigte verskyn oor die hofsaak waarin die NG Kerk tans betrokke is. In die verklaring wat aangeheg is, volg kommentaar op hierdie berigte. Klik hier vir die verklaring van die moderatuur: Hofsaak teen die NG Kerk oor sy besluite oor selfdegeslagverhoudings in 2016.

Voorleggings aan die hooggeregshof oor selfdegeslagbesluite

Dit help altyd om die oorspronklike dokumente te lees en nie bloot mediaberigte daaroor nie.

Klik hier vir dr Dewyk Ungerer, aktuarius (regsadviseur) van die algemene sinode, se eedverklaring oor die selfdegeslagbesluite van 2016.

Klik hier vir adv. Jeremy Gauntlett se betooghoofde aan die hooggeregshof namens die applikante (Laurie en Frits Gaum, en andere) op grond van dr Ungerer se voorlegging.

Die saak word op 21 Augustus 2018 aangehoor.

Etiese oorwegings rondom grondhervorming

Terwyl die intensiteit van die grondhervormingsgesprek toeneem, is daar morele oorwegings wat in ag geneem moet word, skryf ds Nelis Janse van Rensburg in Kerkbode. Klik hier om sy bydrae te lees.

NUUSBROKKIES

Bediening vir tieners: roadtrip247.com



Anriëtte de Ridder, dominee vir Jeug en Familiebediening in die Wes-Kaap, laat weet:

By #Imagine 2018 is 'n splinternuwe bediening vir tieners bekendgestel: roadtrip247.com
Roadtrip247.com ontmoet die tieners op die platforms waar hulle die heeltyd is: Hulle skerms. Roadtrip247.com bring God se Woord in vandag se tienerwoorde. Dit is beskikbaar in Afrikaans en Engels en is heeltemal gratis.:

- 5 maal per week Padkos (Bybelstudies)
- 3 maal per week video's (musiek, onderwerp en stories/getuienisse)
- 1 maal per week word daar 'n warm tiener onderwerp bespreek

Dit is beskikbaar by:

- Die website www.roadtrip247.com
- Roadtrip247 in die App Store (IOS en Android)

Of WhatsApp jou naam na +27 67 050 1480 en ontvang dit daagliks op jou foon.

Die bediening het ontstaan uit kruispad.com en staan onder die leiding van Gerjo Ben van der Merwe en Armandt de Villiers. Albei het aan die Stellenbosse kweekskool afstudeer.

#imagine en Roadtrip247.com neem hande om die tieners tussen die #Imagine experiences agter die skerms te bedien

Ontmoet die SACD (SOUTH AFRICAN CHRISTIAN DIRECTORY)

www.sacd.org.za - jou aanlyn portaal om te connect (konnekteer)

Die South African Christian Directory (SACD) is 'n nuwe aanlyn platform wat 'n oorsig bied van die Christelike landskap in Suid Afrika. Dit dek 'n wye veld van invloedsfere en aktiwiteite van Christen kerke, bedieninge, organisasie, inisiatiewe, netwerk en bewegings. Daar is tans meer as 3 000 organisasies en 35 sektore op die webwerf, met die getal wat daagliks groei.

Die SACD is 'n omvattende aanlyn platform van Christen betrokkenheid in Suid Afrika vir konneksie (connection), kommunikasie (communication) en samewerking (collaboration).

Deur die loop van die volgende drie maande gaan ons die drie kernvoordele van die SACD uitlig vir individue, asook bedieningsleiers en Christen organisasies.

VOORDEEL #1: Connect (konnekteer) om 'n oorhoofse prentjie van die Liggaam van Christus in Suid Afrika te verkry

Individue: Besoek die SACD webwerf om die Groter Prentjie van Christen betrokkenheid in jou area, of belangstellengsveld te sien. Ondersoek geleenthede om betrokke te raak by bedienige, en ontdek geleenthede om

by te woon. Volg die SACD op Facebook:

Bedieningsleiers & Christen organisasies: Konnekteer met die Groter Prentjie deur jou bediening / organisasie se besonderhede op die databasis te laai, en gereeld op te dateer. Lys vrywilliger-geleenthede, asook gebeure en funkies. Dit sal altyd kosteloos wees.

Die SACD is die gevolg van 'n uitgebreide en deurlopende navorsingsinisiatief, gelei deur Mergon Foundation en Bybel Media, wat ag gegee het op 'n behoefte wat uitgespreek is deur verskeie kerk- en sendingnetwerke vir die ontwikkeling van 'n aanlyn platform wat 'n oorsig bied van die Christen landskap in Suid Afrika. Dit is die digitale evolusie van die gerespekteerde SA Christian Handbook, wat voortbou op die nalatenskap van Marjorie Froise.

Die volgende funksionaliteite is tans beskikbaar op die webwerf: 'n Verskeidenheid van soek opsies, 'n gebeure kalender, a vrywiliger-geleenthede afdeling en Bid vir Afrika. 'n Neutrale navorsingsplatform wat nasionale statistieke en tendensverslae sal kan lewer is besig om onwikkel te word, asook 'n selfoon-program (app).

Hier is 'n video met meer agtergrond oor die SACD storie: https://www.youtube.com/watch?v=DyC3KlZC4kk

Volgende keer kyk ons na ***Voordeel #2: Kommunikeer.***

Kontak Skip Krige (SACD Projekkoordineerder) sacd@mergon.co.za vir meer inligting, of om 'n SACD voorlegging te bespreek.

KURSUSSE EN SEMINARE

■ VONKK-Opedag 2018

Kom leer die A tot Z van VONKK en ons musiek op **9 Junie 2018** om 08:30 by die Ned Herv Kerk Pretoria-Oos [Delyweg 100, Waterkloofpark, Pretoria. Sluitingsdatum vir inskrywings: **31 Mei 2018**

VBO punte sal gereël word vir die leraars wat die geleentheid bywoon. Klik hier vir die program en inskrywingsvorm.

■ Excelsus: Kursusse

• SERTIFIKAAT IN BEDIENINGSVERNUWING 2018

André Bartlett (Hoof van Excelsus) gee die volgende inligting deur:

Excelsus (die Sentrum vir Bedieningsont¬wikkeling aan die Fakulteit Teologie en Religie by UP) het in 2014 in samewerking met Shepherd in Bloemfontein en Communitas in Stellenbosch 'n Sertifikaatkursus in Bedienings-vernuwing geloods.

Dit is 'n intensiewe kursus wat bedoel om predikante te help om op 'n dieper en meer grondige vlak geheroriënteer te word ten opsigte van hulle bediening. Persone wat die volle kursus voltooi, verwerf 180 VBO-punte (dws 60 punte per jaar).

Ons is besig om 'n vierde groep predikante saam te stel wat in 2018 met die eerste 2 modules sal begin.

Die voorlopige datums vir die eerste twee modules is:

- 6-8 Augustus 2018: Oor ons Konteks – om die wêreld en tye waarin ons leef, dieper te verstaan, en
- 9-11 Oktober 2018: Oor Gemeentes – deel van die probleem of deel van die antwoord?

Indien jy belangstel om deel van die kursus te wees, kan jy vir Rika van Rensburg kontak by excelsus@up.ac.za of 012 420 6738 (08:00 – 13:00).

• BRUGBEDIENING

Doel: Verandering van predikant in 'n gemeente laat so 'n gemeente in 'n tyd van onsekerheid. Die pad vorentoe is onseker totdat 'n nuwe permanente bediening weer in plek is. Hierdie kursus poog om brug predikante op te lei vir die fasilitering tydens hierdie oorgang periode, en tot voordeel van die gemeente.

- Week 1: 20-23 Augustus 2018
- Week 2: 5-8 November 2018
- Kursusleier: Prof Malan Nel
- Kursuskoste: R2 200(VAT inkl)
- Plek: Universiteit van Pretoria
- Kursuspunte: 70
- Registrasie/inskrywing: Kontak gerus vir Hesmarie by 012 420 4952.

BYBEL MEDIA NUUS

Jongste Bybelkor-publikasie

Om reg te stel – Ernst Conradie

Wat verg dit om dinge reg te stel as dit eers verkeerd geloop het? Dit is reeds moeilik wanneer iets tussen mense verkeerd loop, maar nog veel ingewikkelder as dit tussen groepe, organisasies en hele samelewings verkeerd loop. En tussen God en mens, Skepper en skepping?

Regverdiging en geregtigheid is twee woorde wat verduidelik wat dit verg om dinge reg te stel. Al twee is belangrik, veral in die gereformeerde tradisie, maar dit is besonder moeilik om reg te laat geskied aan regverdiging én geregtigheid. Hierdie boek gaan oor daardie "én".

Die probleem is dat baie mense wat graag oor regverdiging praat nie ewe opgewonde oor geregtigheid is nie, terwyl die omgekeerde ook geld. Hoe, dan, kan regverdiging en geregtigheid sáám herwin word?

Skrywer: Ernst Conradie is senior professor in die Departement Godsdiens en Teologie aan die Universiteit van Wes-Kaapland en werk veral in die veld van Christelike ekoteologie.

Inligting, Navrae en Diensverskaffing:

- Skakel 0860 26 33 42 óf 021 864 8210
- Of stuur jou bestelling per e-pos na: bestel@bmedia.co.za
- Of koop met jou kredietkaart op die webtuiste: www.bybelmedia.org.za, klik dan op winkel, óf tik die produknaam in.

Lees in LIG van Junie 2018

- In die Junie-LiG leer ons van God se Vaderhart, en hoe ons mag dink oor die hemel. Praat gerus hieroor in julle selgroepe.
- Nadine Blom vertel hoe sy besef het God is lief vir stukkende mense. Skrywer en skilder, Carina Stander, vertel hoe haar ouers haar andersheid gevier het.
- Ons leer oor wat die Bybel oor die hemel sê. En vind uit wat God ons oor pa-wees leer.
- Ons gee ook raad as jou geliefde aan Alzheimersiekte ly. En gesels met 60-plussers wat die lewe aangryp en vier!
- LiG gesels met kenners en ouers oor huiswerk op laerskool – is dit die moeite werd? Ons gee raad oor hoe om kreatiewe kinders groot te maak (hulle presteer beter!) en sien hoe #imagine jonges laat droom en dien.

Om nog van LiG se puik Christelike inhoud te lees, besoek www.lig.co.za of gesels saam op Facebook

Maak 'n verskil! 'n Gedeelte van jou intekengeld gaan aan vroeëkinderontwikkeling.

LiG se Junie-uitgawe is vanaf 14 Mei te koop in boekwinkels en supermarkte. Of teken in as gemeente en spaar! Gesels met Jeanne van Niekerk vir meer inligting. (Kliek op Jeanne se naam om 'n e-pos te stuur of skakel haar by 021 864 8252.)

Lees in die e-Kerkbode

Ladies Arise gee twaalfde kanse – Neels Jackson

Kitiwe Zwane sê sy is gelukkig. En haar breë glimlag beaam dit. Maar dit was nie altyd so nie. Sy het in Newcastle in KwaZulu-Natal grootgeword, maar later Gauteng toe gekom. Dis daar waar haar lewe 'n slegte koers ingeslaan het. "I was a streetgoer," sê sy. "A sex worker."

Lees verder

VAKATURES

Vakatures in Kerkbode geadverteer

'n Lys van vakatures vir predikante, ander kerklike amptenare en verwante kerklike instansies is gerieflik beskikbaar in die NG Kerk se amptelike kerkkoerant, Kerkbode. Dit word ook via die nuwe e-Kerkbode elektronies versprei na predikante en gemeentes, sowel as ander intekenare. Klik hier vir die jongste vakatures in die NG Kerk-familie: http://kerkbode.christians.co.za/category/vakatures/

AFLOSPREDIKANTE

- Hennie le Roux: Preekbeurte – sel: 082 374 2208, epos: hennieleroux@yebo.co.za – Wesrand
- Zachie le Roux: Brugpredikant, preekbeurte – sel: 083 799 5911, epos: zachie.leroux@gmail.com – Randburg
- Dr Meyer de Kock: Termyn-aflos 4-6 weke op platteland – sel: 082 459 6707, epos: gelmi@absamail.co.za – Odendaalsrus
- Dr Henk Gous: Preekbeurte – sel: 083 267 0108 - epos: henkgous@mweb.co.za
- Hennie Lombard: Beskikbaar vir optredes op die Wesrand of selfs verder – tel: 011 672 4610 of 072 231 7626, epos: hennielombard@telkomsa.net
- Terence Cooke: Preekbeurte – sel: 0827759570, epos: cookie@telkomsa.net - Potchefstroom.
- Matthys Steyn: Preekbeurte en aflos – epos: grootthys@gmail.com, sel: 0824595139 - Wesrand
- Swannie Swanevelder: Poppekas-bediening - van voorskool tot hoërskool - sel: 072 187 0259 - Wesrand
- Andries Grobler: Brugbediening, kort en langer aflostermyne, preekbeurte - sel 081 341 0659 of 011 954 2357, epos: andries.grobler@gmail.com - Wesrand
- Johan Ainslie: Aflos, preekbeurte - sel: 083 310 9268 - Wesrand
- Elize Nel : Aflos preke ens. - sel: 082 475 2740 - Zeerust
- Benjan Knoetze: Preekbeurte, aflos - benjanknoetze@gmail.com - 082 505 2924 - Potchefstroom
- dr Theo Marais: Aflos, preekbeurte - theo@constantiakruin.co.za - 082 5700 769 - Wesrand
- Stanus Cloete: Afloswerk en preke - stanus@agosolf.co.za - 082 887 9600 - Randburg.
- prop Bernice Baard: Afloswerk en preke - 082 372 9339 - bernice1.baard1@gmail.com - Wesrand

Laat weet asseblief as jy beskikbaar is as aflospredikant, asook vir preekbeurte, of as jy van 'n proponent of emeritus-predikant in die gemeente weet wat beskikbaar is vir preekbeurte of aflos. Stuur assebblief kontakbesonderhede aan ds.noel@ngkgoudland.org.za

---

INTEKEN/KANSELLEER

- Ek wil asb inteken op GOUDPOS
- Kanselleer my intekening op GOUDPOS